

Maandag 7 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 2:1-11 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 2:2

Hanna se lofsang tot eer van die Here

In 1 Samuel 1 lees ons van Hanna wat baie graag 'n kind vir haar man, Elkana, wou gee. Sy was egter onvrugbaar. Verskeie gebeure het daartoe gelei dat sy baie bedroef was. Sy was só bedroef dat selfs haar man en Eli haar nie eers kon vertroos nie. Daarom wend sy haar tot God, waar sy haar begeertes deur gebed en smeking met danksegging aan Hom bekendmaak (vgl. Fil. 4:6). Die Here verhoor haar gebed en laat haar swanger word. So bring sy haar eerste seun, Samuel, in die wêreld. Skaars was hy op driejarige ouderdom gespeen en sy neem hom na die huis van die Here toe in Silo.

Met die nakom van haar gelofte word sy deur die Heilige Gees gelei om haar loflied tot eer van die Here te sing, dat Hy die enigste ware God is en dat niemand heilig is soos die Here nie (1 Sam. 2:2a), want buiten Hom is daar geen ander god nie (vgl. Ps. 77:14). Daar is geen rots soos God nie (1 Sam. 2:2b), want sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar (vgl. Deut. 32:4). In haar lofsang, wat ook 'n gebed is, gee sy uiting aan dit wat sy in haar lewe ervaar het.

Wanneer die golwe van die lewe oor jou breek, moet jy nie wegsink in selfbejammering nie. Wanneer jy nie antwoorde op al die vrae het nie, moet jy nie op jouself vertrou nie. Gaan na die Here toe met alles, hoe groot of hoe klein ook al, en bid tot Hom. Gee alles in sy hande oor en vertrou Hom daarmee. Plaas die Here in die middelpunt van jou lewe, want Hy is in beheer van jou hele lewe. Hou vas aan die Here en glo dat Hy tot alles in staat is.

Mag jou lewe ook 'n lied tot eer van die Here wees!

Sing: Psalm 138-1:1

Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)